

Bede om geloofsgroei in gesagserkening.

Teks: Mattheus 10: 24 - 33 & Sondag 48
Teksvers: Mattheus 10: 28

1. Inleiding

Geliefdes ons leef vandag in 'n wêreld wat negatief staan teenoor gesag en gesagstrukture. Dit neem deesdae selfs uiterstes aan soos die hele “adulthood” beweging wat volwassenheid en selfs ouerskap sien as diskriminasie teenoor jong mense en kinders. Op soort gelyke wyse word daar weggekalwe aan al die gesagstrukture rondom ons. En dit gebeur alles in die naam van vryheid. Tog word daar ook in die naam van vryheid, dikwels gepoog vir ander regeringstyle of ideologie.

Dit bring ons dan vanoggend by die tweede bede van die onse vader gebed. En die vraag is wat vra ons, wanneer ons bid dat U koninkryk kom? Is daar 'n ander beter koninkryk waarna Christen gelowiges streef? En die onmiddelik antwoord is 'n besliste ja. Die koninkryk van die Here is beter as enige regeringsvorm of ideologie wat ons hier op aarde ken. Tog begin die koninkryk van die Here al hier op aarde. Maar hoe lyk hierdie koninkryk?

Die koninkryk van die Here ontplooi stadig soos wat gelowiges op hulle geloofsgroei pad vorder. Want soos mense groei op die geloofspad sterf hulle meer en meer daarna om die Here in alles te eer en verheerlik. Dit kan uiteindelik nie anders as om prakties te word in 'n mens se lewe nie. Maar koninkryk sonder enige onderdane wat diensbaar is, is tog geen koninkryk nie. Die koninkryk van die Here het diensbare onderdane. Mense wat uit die ganse menslike geslag uitverkies is, en waarin die geloof gewerk word.

Maar dit is juis hierdie mense wat hulle wêreldbeeld oor gesag en uiteindelik die hoogste gesag gereeld moet ondersoek. Dit is uiteindelik presies die boodskap in ons teksvers. Wat ons hele teksgedeelte saam vat, soos dit ook onderstreep word, deur die Heidelbergse Kategismus. Ons kyk vervolgens deur die lens van ons teksvers na die Koninkryk van die Here, waarvoor ons ook pleit in die tweede bede.

2. 'n Onwelkome koninkryk

Al met ons intrapslag in ons teksgedeelte word sekere eienskappe van die koninkryk van die Here duidelik. Ons Here Jesus Christus gebruik die beeld van 'n leerling en sy meester om een van die basiese beginsels van die koninkryk te openbaar. Die eerste afleibare saak is eintlik heel logies. Dit is die onderdanigheid aan 'n meester. Maar eintlik is dit die konsep dat volgelingen gewoonlik nie meer aanvaarding as 'n leier geniet nie.

Die navolgers van 'n spesifieke leier geniet gewoonlik nie meer voordele as die leier nie. Dieselfde geld vir aanvaarding. Wanneer 'n leier verwerp word, sal sy navolgers ook verwerp word. Dit is immers presies die woorde van Jesus in vers 25. Hy maak dit duidelik dat as die wêreld vir Hom uitgemaak as Beëlsebul. Skaars twee hoofstukke later in Mattheus 12 word Jesus juis deur die Fariseërs beskuldig dat hy bose geeste uitdryf met die hulp van Beëlsebul. Ons as navolgers van Christus kan dus nie veel beter verwag nie. Ook vandag sien die wêreld die Christelike geloof dikwels as iets boos wat ten alle koste bestry moet word.

Die wêreld het nie 'n behae in die koninkryk van die Here. Dit is en bly vir hulle 'n onwelkome koninkryk. Die leier en die onderdane in die koninkryk het nie 'n plek in die wêreld nie. En dit bring ons dan juis by die plek in die gebed van die Onse Vader. Hierdie aanslag van die wêreld is so intens dat ons daagliks weer ons fokus moet reg kry. Die plek in die Onse Vader herinner ons weer gereeld ook daaraan dat ons nie op ons eie opgewase is vir die stryd nie. Sonder die kragtige werking van die Heilige Gees deur en om ons, sal die koninkryk van die Here nie hier op aarde enige grond kan wen nie. Daarom is dit so belangrik dat ons daagliks hierdie tweede bede bid.

3. Groter as enige ander koninkryk

Nou dat ons dit duidelik gemaak dat die koninkryk van die Here en die wêreld nie dieselfde koninkryk is nie. Ons weet ook duidelik uit die vorige punt dat hulle op geen manier versoenbaar met mekaar is. Maar die fout wat ons dikwels maak is om te dink dat hulle eenvoudig kompeteer. Wel eintlik

kompeteer hulle wel. Maar die is nie 'n kompetiese tussen twee ewekniee nie. Die koninkryk van die Here is groter en verhewe bo enigeiets wat hierdie wêreld kan bied.

Om hierdie punt duidelik vir ons te maak, gebruik Christus die veroordeling of straf elemente van die verskilende koninkryke. Enige koninkryk in hierdie wêreld kan mense eenvoudig net tot die dood straf. Met ander woorde hulle kan bloot die menslike liggaam doodmaak. Maar die koninkryk van die Here is soveel groter. En daarom ook die straf of oordeel wat in hierdie koninkryk gevel kan word ook soveel groter. Dit kan nie net die menslike liggaam nie, maar ook die menslike siel vernietig.

Maar dan is ons teksvers soveel meer as die openbaring van die werklikheid van die groter koninkryk. Ons teksvers het definitief 'n sterk imperatief, 'n sterk opdrag. Ons moet weet wie om te vrees. Vrees is die gevolg van die herkenning en erkenning van 'n gevaar. En op 'n manier is dit ook uiteindelik die praktiese belydenis op ons geloofspad. Daardie oomblik wanneer my ingesteldheid en optrede begin rekening hou met die koninkryk van God.

Wanneer ek die tweede bede vra dit ook na my opregte bedoeling daarvoor. Is die koninkryk van die Here steeds 'n begeerte vir my. Of wanneer die Here my diepste oortuigings hieroor meet, sal ek die uitspraak die woorde uit Daniël 5:27 wees: “ geweeg en te lig bevind “? Kom ons bid die tweede bede ook met die hartsverandering wat net deur gebed kan kom.

4. Geen geheime koninkryk nie

Die laaste saak oor die koninkryk van die Here word in ons laaste vers aangeraak. Dit is die feit dat koninkryk van die Here geen geheime organisasie is nie. Lede van 'n geheime organisasie moet ten alle koste hulle lidmaatskap in die publiek ontken. Maar met die koninkryk van die Here werk dit juis anders.

Christus stel dit duidelik in vers 33, dat iemand wat nie tyd en plek vir die Here hier op aarde het nie, ook nie 'n plek in die hemel moet verwag nie. 'n Mens kan nie 'n geheime lid van die kerk en die koninkryk van die Here wees nie. Dit is immers iets wat jy openlik moet bely voor mense. Trouens dit is juis die hart van die evangelisasie of sending. Om die

koninkryk en koningskap van die Here te verkondig aan almal wat dit nog nie gehoor het nie.

In die gedagte van ons teksvers, is dit om mense juis te waarsku oor die komende oordeel. Oordeel en straf veel groter as enige iets wat hierdie wêreld kan doen. Maar is dit belangrik om te sien dat hierdie oordeel en straf ook nie in die geheim sal plaasvind nie. Want die koninkryk van die Here is uiteindelik daardie lig wat maar net nie onder die maattemmer weggesteek kan word nie.

In geheime organisasies word geheime gewoonlik maklik gehou, uit die oortuiging dat buitestaanders nie moet deel in die voordele van die organisasie nie. Maar met die Christelik geloof en geloofsgroei pad is dit juis anders. Wanneer 'n mens groei op die geloofspad, stel jy ook meer en meer belang in die voorspoed van ander mense. Daarom is die tweede bede ook 'n bede wat gereeld in die publiek gebid moet word. Maar meer as net gebid word, dit moet in die publiek uitgeleef word.

5. Slot

Ons het die preek begin, deur te verwys na die afbreking van gesag in ons hedendaagse samelewing te kyk. En dan het ons juis gesien dat ons teksgedeelte 'n oproep tot erkenning van die hoogste gesag is. En dit is Christus self wat hierdie duidelik oproep aan die mense maak. Die opdrag dat vrees en eerbied heelwat hoër erken moet word. Vandag se rebelse opstande teen gesag, is meestal oorreaksies op die misbruiking daarvan. Maar om alles gesag nou oorboot te gooi hieroor, is uiteindelik om die baba saam met die badwater uit te gooi. Daarom is dit ook nie wat Christus doen nie. Intendeel Hy doen die teenoorgestelde.

Maar dit is uiteindelik waar die belang van die tweede gebod na vore kom. Wanneer ons daagliks bid dat die koninkryk van die Here kom. Bely ons eerstens ons geloof in die koninkryk van die Here, maar ook ons afhanklikheid van die Here om die koninkryk hier oop aarde te vestig. Uiteindelik is dit die volgende tree op almal se geloofspad, om meer en meer die gesag en heiligheid van die Here te laat geld in elke situasie en area van my lewe. Wanneer ons dit doen, leef ons ook prakties uit waarvoor ons vra in die tweede bede.

Amen